MUNISIPALITEIT BEAUFORT WES
KENNISGEWING NR. 37/2009

OPENBARE KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN WAARDASIELYSTE AANVRA

Kennis geskied hiermee kragtens die bepalings van Artikel 49(1) (a) (i) van die Plaaslike Owerhede: Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet 6/2004) hierna verwys as die "Wet" dat die Algemene Waardasielyste vir die boekjare Julie 2009 – Junie 2013 ter insae lê vir openbare inspeksie by die onderskeie munisipale kantore en biblioteke binne die munisipale grense sowel as die Raad se webwerf by www.beaufortwestmun.co.za vanaf **24 Maart 2009** tot **24 April 2009.**

Geliewe kennis te neem dat enige eienaar van vaste eiendom of enige ander persoon kragtens die bepalings van Artikel 49(1) (a) (i) van vermelde wet 'n beswaar binne bovermelde tydperk kan indien by die Munisipale Bestuurder ten opsigte van enige aangeleentheid of uitsluitsel rakende die eiendomswaardasielyste.

U aandag word spesifiek gevestig op die bepalings van Artikel 50(2) van die wet wat bepaal dat 'n beswaar na 'n spesifieke eiendom moet verwys en nie na die waardasielys per sé nie.

Die voorgeskrewe beswaarvorm is beskikbaar by die onderskeie munisipale kantore en biblioteke binne die munisipale grense en/of webwerf www.beaufortwestmun.co.za.

Die voltooide vorm moet terugbesorg word aan :

Die Munisipale Bestuurder
Beaufort-Wes Munisipaliteit
Privaatsak 582
BEAUFORT-WES
6970

Navrae kan gerig word aan: Die Projekbestuurder: Tel. nr. 044-874 5095 / 076 768 0453 of e-pos freddiejvr@vodamail.co.za

Hierdie kennisgewing het vir die eerste keer op **12 Maart 2009** verskyn.

Munisipale Kantore
Donkinstraat 112
Beaufort-Wes
6970

J. Booysen
Munisipale Bestuurder

[5/3/1]